Voortrekkers vier hul 85ste bestaansjaar

Heilbron Voortrekkers het Saterdag, 13 Oktober 2018 Voortrekker spore van 85 jaar diens in die Heilbron gemeenskap gevier. Die Voortrekkerkommando is in Augustus 1933 gestig en gebou op die Heilbron Konsentrasiekamp. Die bloekombome by die terrein is deur die kinders in die konsentrasiekamp geplant om te dien as koelte. Heilbron Voortrekkers is die enigste Voortrekkerkommando in die Vrystaat wat kan spog met twee gebiedsleiers naamlik Ds Jan du Plessis en Samuel Brayshaw. Die Voortrekkers se hoofbeskermvrou, mev Corrie Scheepers het ook haar spore in die Heilbron kommando gelos. Tydens die feesvieringe van Saterdag, is daar heelwat nuwe voortrekker Penkop en Drawwertjies sowel as 'n groot groep nuwe offisiere en bestuurslede ingelyf as Voortrekkers. Verskeie offisiere het tydens die seremonie toekennings ontvang vir hul onbaatsigtige, getroue diens aan die Voortrekkers.

Die Voortrekkers is 'n dinamiese beweging wat gegrond word op Afrikanerskap, Burgerskap, 'n Christenskap (ABC) en wat dan deurvloei tot Diensbaarheid.

Hoofleierstoekenning toegeken aan Heilbron Voortrekkerkommando vir besondere waarde die afgelope 85 jaar tot die ontwikkeling van die Afrikanerjeug. Dr Danie Langner en Dawid Rossouw.

Chandra Cloete ontvang vanjaar haar Presidentsverkenner toekenning - die hoogste toekenning wat 'n jeuglid kan ontvang in die Voortrekkers.

Antse Terre'Blanche ontvang haar PD voorslag, silwer toekenning vanaf Dawid Rossouw.

Elne Visser ontvang haar PD voorslag, silwer toekenning vanaf Dawid Rossouw.

Charlize Smit ontvang haar PD voorslag, goud toekenning vanaf Dawid Rossouw.

Alet Swart ontvang haar brons medalje vir besondere diens op gemeenskapsvlak vanaf Dawn Rall.

Elna Rossouw ontvang haar brons medalje vir besondere diens op gemeenskapsvlak vanaf Dawn Rall.

Elna Rossouw ontvang haar 5 jaar oranje voorjuk vir getroue diens vanaf Samuel Brayshaw.

Dawid Rossouw ontvang sy 10 jaar groen voorjuk vir getroue diens vanaf Samuel Brayshaw.

Sherell Senekal ontvang haar 15 jaar blou voorjuk vir getroue diens vanaf Samuel Brayshaw.

Alet Swart ontvang haar 20 jaar rooi voorjuk vir getroue diens vanaf Samuel Brayshaw.

Corne van der Merwe ontvang sy 25 jaar silwer voorjuk vir getroue diens vanaf Dr Danie Langner.

Stefan Visser namens OK Heilbron.

Sybrand Botha namens Pakworks Heilbron.

Elana de la Ray namens Clover Heilbron.

Quarta Pretorius namens Vegkop Feesterrein.

Jakomi Terre'Blanche en Elana Dippenaar is ingelyf as die nuwe Kommandojeugleiers vir 2019. Hulle toekennings is oorhandig deur Willie Engelbrecht.

Inlywing van Ontdekkers - Graad R.

Inlywing van PD's - Graad 1 tot 7.

Inlywing van Verkenners - Graad 8 tot 12.

Inlywing van Heemraad.

Inlywing van offisiere en bestuurslede.
Foto erkenning: Dawie Fourie